

REDAKSIONEEL

Beloonde prestasie

Sommige woorde val vreemd op die gereformeerde oor. Soos 'verdiende loon' en 'menslike prestasie'. 'n Mens se gereformeerde voelhorinkies tel 'n vibrasie op wat sê: versigtig nou. Die gevalle mens verdien immers slegs een loon: tydelike en ewige dood. Die sondaarmens is – so bely ons op grond van die Skrif – uit homself tot niks goeds in staat nie. As dit so is (en dit is so), is dit dan nog reg om te praat van 'n prestasiebonus by die werk, of 'n prestasie op die sportveld of 'n prestasiebeurs van die universiteit? Moet ons nie 'n radikale ommkeer in ons denke en woordeskat en optrede maak nie?

Soos met alles in die lewe, moet ook hierdie saak aan die vaste norm van die Skrif gemeet word. Die eindresultaat van die toets mag bes moontlik verrassend wees – ook ten opsigte van ons gereformeerde voelhorinkies wat nooit sensitief genoeg kan wees om alle moontlike golwe en golfies op te tel nie.

Prestasie

Prestasie is 'n woord met 'n Latynse oorsprong. *Praestere* beteken letterlik: om voor (prae) te staan (stere). Iemand wat presteer is iemand wat op 'n bepaalde punt voor ander mense staan. Hy onderskei hom van die gemiddelde mens op grond van iets wat hy doen wat ander nie (kan) doen nie. So het Paulus gepresteer toe hy vier sendingreise

onderneem het – iets wat geen ander apostel hom nagedoen het nie.

Het Paulus uit eie krag vier sendingreise onderneem? Geensins. Alles is uit God en deur God en tot God. Dit bely hy self (Romeine 11:36). Tog presteer hy. God laat hom presteer. En nie net vir hom nie, maar ook vir Josef in Egipte, Dawid in Israel en Daniël in Babel. Almal mense met uitsonderlike gewes wat gebruik word om hoë hoogtes in die samelewing te bereik.

Beloning

Dit is opvallend dat God sy kinders nie net laat presteer nie. Hy beloon ook die prestasie wat gelewer word. Daarvan is die opgang wat Josef, Dawid en Daniël onderskeidelik gemaak het, klinkklare bewyse. God beloon met nuwe werkgeleenthede, groter inkomste, meer invloed, dieper insig. Beloning is materieel sowel as geestelik (Prediker 4:9; Lukas 10:7; 1 Korintiërs 3:8).

Die vraag is egter: wat doen die mens verder met die beloning wat hy of sy ontvang? Die gelykenis van die talente (Matteus 25) lei ons in 'n sekere opsig na 'n antwoord op dié vraag. Wie presteer, word beloon – sodat hy met sy beloning verder kan presteer. En opnuut beloon word. En nog verder kan presteer. Vir die verlore christen kan beloning nooit 'n eindpunt van selftevredenheid wees nie. Beloning is Godgegewe genade.

Dit inspireer 'n mens tot groter diensbaarheid en harder werk. Die Here skep nuwe ruimtes in die lewe, sodat daar nog meer ontwikkeling van vermoëns kan plaasvind. Wie só – in die lig van die Skrif – na beloning van prestasie kyk, besef dat daar beslis Godgegewe ruimte daarvoor is om gelowige kinders van die Here, wat hulleself in 'n bepaalde opsig onderskei, die nodige erkenning te gee.

In die wêreld

'n Mens besef egter ook dat die voetangels baie is. Ons goddelose leefwêreld floreer op die gedagte dat prestasie beloon moet word. Dit ontbreek nie aan die oorweldigende hoeveelheid gelukwensings, handklappe, prysuitdelings, sertifikate, bekens, medaljes, linte, balkies, merietetoekennings (dikwels na aanleiding van selfgeskrewe merieteverslae!), beurse, bevordering en goue handdrukke nie. Daarmee saam is daar geen gebrek aan verskyning op 'n rostrum of 'n verhoog, die aanwys van 'n victor en victrix ludorum, die uitdeel van handtekening, die blootstelling by wyse van koerant en TV en die oprig van standbeelde nie.

Die verskil tussen Skriftuurlike beloning van prestasie en die onskriftuurlike beloning van prestasie is hemelsbreed en nie moeilik om raak te sien nie. Godgesentreerde

INHOUD

- 1 Redaksioneel
Beloonde prestasie
- 2 Skrifoordenking
Die oog gevestig op Jesus Christus
Ds CJJ Putter
- 3 Op die Kerkerf
Vrymaking 2003 (2)
Ds GJ Meijer

- 8 Geskiedenis
John Knox en die beeldestorm van Perth, 1559
Prof VE d'Assonville
- 9 Aktueel
Post-eleksie stres?
Ds HLJ Momberg

- 10 Medies
Die taal van die genoom
Prof JM Boon
- 11 Persskou
Hemelvaart en Christus-regering
Ds GJ Meijer

diensbaarheid staan lynreg teenoor mensgesentreerde selfbevrediging. Eer aan God is duidelik onderskeibaar van mensverheerliking. Aansporing tot verdere diensbaarheid, voortgang in heiligmaking, doen van goeie werke uit dankbaarheid vir die volkome verlossing in Christus is radikaal anders as die opbou van 'n eie koninkryk, voortgang in selfverheffing, najaag van eie ideale om die hoogste sport te bereik. Selfs op 'n bloot menslike vlak is die verskil ooglopend. Die gelowige span die beloning van prestasie tot nut en heil van sy naaste in. Prestasie kan en mag nie tot hoogmoed

(en onlosmaaklik daaraan verbind verkleinerings van die naaste, al is dit net in gedagte) lei nie. Dit moet veel eerder tot intenser diensbaarheid bydra. Die ongelowige daarenteen het slegs een doel voor oë: wenners, wenners, wenners wil ons wees – al is dit ten koste van ander.

Tweede bede

Christus leer ons bid: Laat u koninkryk kom. Dié gebed het alles te doen met talente en gawes, met inspanning van kragte en ontwikkeling van die skepping. Die koninkryk van God kom wanneer die christen-

gelowige presteer, en vir daardie prestasie beloon word sodat hy verder kan presteer. Beloonde prestasie ongereformeerde? Beslis nie! Wat die gereformeerde voelhorinkies wel moet optel, is die vibrasie van mensgesentreerde prestasie. Verder moet die voelhorinkies baie sensitief daarvoor wees dat God se kinders in hulle dienswerk na reg waardeer en erken word. Dit behoort 'n louter voorreg te wees om mekaar as kinders van God in ontplooiing van gawes aan te spoor. Nie om heuning om die mond te smeer nie. Wel om aan God die eer te gee vir die werk wat Hy in en deur sy kinders doen.

SKRIFOORDENKING

Ds CJJ Putter, Ficksburg

Die oog gevestig op Jesus Christus

Lees:

Hebreërs 11:1-3, 8-16, 23-28; 12:1-2

Die brief aan die Hebreërs is gerig aan gelowiges wat weens verdrukking, vervolging en verleiding uit koers geslaan was. Die Here gee rigting aan hulle geloof deur op die wolk van getuies in Hebreërs 11 te wys. Ons let op Moses se geloof.

Moses is in Faraos paleis deur sy dogter grootgemaak. Hy is daar in die wysheid van Egipte onderrig. As prins was al die rykdom en mag in die paleis van Faraos tot sy beskikking. Watter druk en verleiding was daar nie op Moses se pad nie? Hy was 'n gebore Israeliet, lid van die veragte slawevolk wat swaar in Egipte verdruk is. Hy was egter in die paleis met die mag, rykdom, eer en voorspoed wat dit meegebring het. Hoe maklik was dit nie om maar net daar te bly nie. Maar 'deur die geloof het Moses, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Faraos dogter genoem te word, omdat hy verkies het om eerder sleg behandel te word saam met die volk van God as om 'n tyd lank die genot van die sonde te hê' (Hebreërs 11:24,25). Moses het sy rug op die mag, die roem en eer, die skatte van Egipte gedraai, want 'hy het die smaad van Christus groter rykdom geag ... as die skatte van Egipte, want hy het uitgesien na die beloning' (Hebreërs 11:26).

Israel, die volk van God, die Ou Testamentiese kerk, was die draer van

die Messias, Jesus Christus. Moses het sy oog op die beloofde Messias gehou, op die verlossing wat Hy sou bring en op die beloning van die ewige heerlikheid ter wille van Jesus Christus. Van hom kon dieselfde gesê word as van Abraham: 'Want hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God self die boumeester en oprigter is' (Hebreërs 11:10). Hy het na iets beter as die skatte van Egipte verlang. Hy het na die hemelse verlang, die stad deur God berei.

Daarom weier hy om seun van Faraos dogter genoem te word. Daarom weier hy om vir 'n tyd die genot van die sonde te hê. Daarom maak hy deur die werking van die Gees 'n geloofskeuse téén die wêreld en vir Christus en sy kerk. Daarom ag hy die smaad van Christus wat Israel op daardie stadium gedra het, groter rykdom as Egipte se skatte.

Moses het deur God se genade die oog gehou op die Messias wat nog sou kom, Jesus Christus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Hy het die stad verwag wat fundamente het, waarvan God self die boumeester en oprigter is. 'Deur die geloof het hy Egipte verlaat sonder om die toorn van die koning te vrees, want hy het volgehou soos een wat die Onsienlike sien'. Hy het vreesloos in God se diens na Faraos gegaan. Volgens God se opdrag het hy geëis dat die volk moes trek. Moses het hom nie blindgestaar teen die woedende koning van Egipte

wat hy met sy oë voor hom gesien het nie, maar het in die geloof die Onsienlike, die Here voor hom gesien.

Die geloof het ook die vrees vir die verderfengel weggeneem wat met die tiende plaag deur Egipte getrek en die eersgeborenes getref het. Moses laat die volk, in opdrag van God, paasfees vier. Hy laat hulle agter die bloed van die paaslam skuil, sodat die verderwer hulle eersgeborenes nie sou aanraak nie. In die geloof wat God aan Moses en die volk gegee het, is hulle uit dit wat in Egipte vir hulle hopeloos gelyk het, in Christus, die ware Paaslam, se bloed bevry.

Moses het wel gesterwe sonder dat hy die beloofde land kon ingaan. Hy het die belofte van die ingang in die aardse Kanaän nie verkry nie, omdat God vir hom iets beters beskik het, naamlik die hemelse Kanaän, die stad met fundamente (Hebreërs 11:40).

As kerk van die Here leef ons vandag toenemend in tye en omstandighede waar mense koersloos en doelloos raak. Mense leef gerig op die genot en voordeel van die hier en nou. Kerke wat net op die mens se behoeftes van nou ingestel is, om die mens gelukkig te hou te midde van 'n veranderende wêreld, raak dikwels ook koersloos en rigtingloos.

As ons net vir die hier en nou leef, verloor 'n mens koers as rykdom, gemak, veiligheid en voorspoed wegval. Dan gaan ons maar saam

met die onchristelike gebruike, idees, onderwys en dergelike meer – óf uit gemak, óf uit vrees vir die owerheid óf uit liefde vir geld.

Kerke verloor koers wanneer alle veranderinge wat oor hul kom beginselloos aanvaar word, sonder om dit aan die Woord te toets. Dit maak 'n mens bang, uitsigloos en negatief - vir ons en ons kinders is daar geen toekoms in hierdie land nie. Gelowiges maak so ook hulle verbondskinders negatief oor die toekoms.

Daarom moet ons uit die getuienis van Moses se geloof leer hoe ons as kerk, te midde van swaarkry, vyandskap en verleiding, kan koershou. Moses het deur God se genade sy oog op die komende Christus gehou. Die Hebreërs was koersloos. Ons leef in 'n wêreld en land waar die koers nie deur God se Woord bepaal word nie. Ook die kerke word hierdeur beïnvloed. Ons word in hierdie omstandighede opgeroep om die oog op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, te vestig. In ons moet die geloofsgesindheid wees na die gesindheid van Christus. Vir die vreugde wat Hom voorgehou is, het Hy die kruis verdra, die skande verag

(Hebreërs 12:2). Hy wat in die gestalte van God was, het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem (Filippense 2:6,7). Hy het om ons ontwil arm geword. Hy het dit gedoen met die oog op die vreugde wat aan Hom voorgehou is. Hy het uiteindelik aan die regterhand van God gaan sit (2 Korintiërs 8:9).

Hierdie gesindheid kan in ons wees, want Christus is as Paaslam vir ons geslag. Hy het ons verlos. Hy het sy Gees aan ons gegee. Ons kan te midde van alles wat ons in hierdie wêreld van koers af wil slaan, koershou deur die geloof wat 'n vaste vertroue is op die dinge wat ons hoop, 'n bewys is van die dinge wat ons nie sien nie. Ons kan deur die Gees volhou soos een wat die Onsienlike sien. Ons kan volhou omdat ons skuil in die bloed van die ware Paaslam, Christus. Ons weet dat God vir ons iets beter beskik het as wat ons nou beleef. In Christus moet ons die stad met fundamente verwag, waarvan God die Boumeester en Oprigter is. Daarom moet ons weerstand bied teen vyandskap en verleiding en bly vashou aan God se Woord. Ons moet die smaad van Christus groter

rykdom ag as die skatte van Egipte, al veroorsaak dit nou miskien ongemak. Ons moet altyd positief leef want ons kan uitsien na die genadeloon in Christus. Daarom hoef ons selfs die toorn van die owerheid in ons land nie te vrees nie, maar met die oog op Jesus vreesloos op die pad van die geloof volhou soos een wat die Onsienlike sien.

Jaarlikse VGL-byeenkoms

22 en 23 Oktober 2004

Gereformeerde Kerkwees in Suid-Afrika

Oop gesprek oor
gereformeerde-wees van die
Gereformeerde Kerke in
Suid-Afrika (GKSA), die
Nederduits Gereformeerde
Kerk (NGK) en die
Vrye Gereformeerde Kerk in
Suid-Afrika (VGKSA).

OP DIE KERKERF

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Vrymaking 2003 (2)

Sedert die Generale Sinode Zuidhorn van die Gereformeerde Kerken (Vrijgemaakt) in Nederland gedurende 2002/03 gesit het, het daar ingrypende gebeurtenisse in dié kerke plaasgevind. Heelparty lidmate van die GKNV het hulle van die besluite van Sinode Zuidhorn 'vrygemaak', aangesien hulle meen dat die besluite nie met die Woord van God ooreenkom nie. Vrymaking van sinodebesluite het vir sommige selfs tot opsegging van lidmaatskap en stigting van nuwe kerke - sogenaamde streeksgemeentes - gelei. In 'n vorige artikel is 'n kort oorsig oor die verloop van die gebeure in Nederland geskets. Met hierdie artikel word gepoog om die verloop van die gebeure te evalueer. Raakvlakke met ons kerklike situasie in die GKSA sal eweneens uitgewys word.

Opdatering

Die ledetal van die kerkverband van 'nuwe vrygemaaktes' het in die bestek van vier maande met ongeveer 600 gegroei¹. Einde Januarie 2004 was die getal vrygemaaktes ongeveer 300. Begin Junie staan dit op 900. Die laaste afskeiding (of vrymaking – soos die afgeskeidenes hulleself noem) het gedurende April en Mei in Balkburg, Hasselt, Hardenberg-Sentrum, Bergentheim, Ermelo en Bilthoven plaasgevind.

Vir die nuwe vrygemaaktes was 1 Junie 2004 'n belangrike datum. Toe het die plaaslike Gereformeerde Kerke 'n half jaar tyd gehad om die besluite van Generale Sinode Zuidhorn (wat sedert 1 Desember 2003 amptelik beskikbaar was) deur te gaan en ooreenkomstig artikel 31 van die kerkorde te ratifiseer. Kerke wat op 1 Junie geen beswaar teen

een (of meer) van die sinodebesluite ingebring het nie, het die besluite stilswywend as geldig, vas en bindend aanvaar.

Dit blyk dat daar uit geen oord beswaar teen sinodebesluite aangeteken is nie. Vir die kerke van die 'nuwe vrymaking' is dit te meer 'n rede vir lidmate om die band met die dwalende kerkgemeenskap te breek en hulle by die nuutgestigte vrygemaakte kerke te voeg. In die woorde van dr van Gulp: 'Uitstel van hun Vrijmaking heeft geen enkele zin en is niet verantwoord'².

Dr van Gulp noem verder dat die 'chaos' in die GKNV (Gereformeerde

1 Bijna 900 'nuewe vrijgemaakten'. Nederlands Dagblad, 3 Junie 2004.

2 Update 03. Elektroniese skrywe dr van Gulp, 28 Mei 2004.

Kerken Nederland, Vrijgemaakt) toeneem. Volgens hom word dit veral by die Teologiese Universiteit in Kampen by die dag duideliker dat daar afskeid van die gereformeerde leer geneem word. Hy verwys na die Skrifkritiek van dr De Bruijne, en ook na die werk van dr De Ruijter en dr Te Velde, wat as professore by die Universiteit dien. Die kuratore wat oor die universiteit moet toesig hou, het die besware wat teen die Skrifkritiek van dr De Bruijne ingebring is, opnuut afgewys.

Felle teenstand teen die nuwe vrymaking neem toe. Ds G Treurniet bring die oproep van hulle wat aan die vrymaking deelneem in verband met Christus se waarskuwing in Lukas 17:2 – ‘Dit is beter vir hom dat ‘n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word’. Onderwysers en onderwyseresse aan gereformeerde skole wat aan die nuwe vrymaking deelneem, word met ontslag uit hulle poste gedreig. In sommige gevalle is die daad reeds by die woord gevoeg.

Ordinarium

Een van die besluite van Sinode Zuidhorn 2002 waarteen die nuwe vrygemaaktes beswaar maak, gaan oor die invoer van die sogenaamde ordinarium. ‘n Aanhaling uit ‘n deputate-verslag wat voor Sinode Leusden 1999 gedien het, gee insae in wat met die begrip ‘ordinarium’ bedoel word.

‘Met die term *ordinarium* word onderdele van ‘n erediens aangedui wat in elke erediens terugkeer en inhoudelik nie van die kerklike jaar afhanklik is nie. Tot die ordinarium behoort die gesange Kyrie, Gloria, Credo, Sanctus/Benedictus en Agnus Dei. In die loop van die kerkgeskiedenis het hierdie vyf ordinarium-gesange bepalend geword vir die opbou van die orde van die erediens, wat tot vandag toe nog in die christelike wêreld gebruik word. Die gesange gee as’t ware die geraamte, die grondstruktuur van die orde van die diens weer. Tussen die vaste elemente word die liturgiese onderdele geplaas wat elke Sondag wisselende tekste het en in die kerkgeskiedenis dikwels afhanklik was van die kerklike jaar. Dit betref skriflesinge (en bediening van die Woord), diverse liederes en gebede. Hierdie wisselende onderdele van

die diens word aangedui met die term ‘*proprium*’ (die karakteristieke, kenmerkende, eintlike – GJM)’.

Die vyf vaste elemente van die ordinarium-liturgie kan soos volg beskryf word:

- Die sing van die *Kyrie* is ‘n smeking: Here, ontferm U.
- Die sing van die *Gloria* is lofprysing: Eer aan God.
- Die sing van die *Credo* is ‘n belydenis: Ek glo.
- Die sing van die *Sanctus/Benedictus* is lofverheffing wat aansluit by die lof wat die engele in die hemel aan God toebring: Heilig, heilig, heilig is die Here – geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here.
- Die sing van die *Agnus Dei* is op die viering van nagmaal gerig: o Lam van God wat die sondes van die wêreld weggeneem het, ontferm U oor ons (Johannes 1:29).

Volgens ‘n deputate-rapport wat voor Sinode Zuidhorn 2002 gedien het, sou dit ‘vanuit ‘n kerkhistoriese besef ‘n verryking wees wanneer gereformeerde kerke die band met die kerk uit die eerste sestiende eeu tot uiting laat kom in haar liturgie. Daar kan konkreet gedink word aan die inrig van ‘n erediens met ‘n ordinariumstruktuur. Hierdie verryking hou eweneens in dat in die gereformeerde erediens meer aandag gegee word aan Bybelse gegewens, wat in die huidige liturgie in baie minder mate beklemtoon word: lofsegginge word op Christus gerig (*Kyrie, Gloria*), besef van verbondenheid met hemelse lofsegging (*Gloria, Sanctus*), besef van verbondenheid met die skepping (*Kyrie*)’.

Die Roomse inslag in die ordinariumstruktuur is onmiskenbaar. Die Gereformeerde erediens word volgens die nuwe vrygemaaktes opnuut in ‘n Roomse vorm gegiet. Die ‘liturgiese band met die kerke uit die eerste sestiende eeu’ is in wese niks anders nie as ‘n tot niet maak van die sestiende eeuse reformasie en ‘n terugkeer na Rome.

‘n Stem na die buiteland

Dr FJ Bijzet is tans predikant in die GKNV. Hy het ook etlike jare in die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria as predikant gedien. Vanuit Nederland skryf hy aan die einde van Julie

2003 ‘n artikel oor die kerklike gebeure in sy tuisland. Die artikel is in *Kompas*³, die kerkblad van die VGKSA, gepubliseer. Die artikel is eweneens in Engels vertaal en in *Clarion*⁴, die kerkblad van die Gereformeerde Kerke in Kanada, geplaas. Die doel van die artikel is om lidmate van buitelandse kerke met wie die GKNV korrespondensie het, eerstehands op hoogte te bring van die feite op tafel. Die verdere doel is om buitelandse gereformeerdes te help om ‘n gebalanseerde opinie oor die gebeure te vorm.

Kommerwekkende verwikkelinge

Dr Bijzet verwys na heelparty – wat hy noem ‘kommerwekkende’ – verwikkelinge in die GKNV. Ter bevestiging van en in aansluiting by dit wat deur die nuwe vrygemaaktes aangewys is, vestig dr Bijzet die aandag op:

- die skrikbarende verwêreldliking wat ‘n mens by heelparty kerklidmate sien;
- die uitgaanslewe van die kerkjeug wat dikwels maar min verskil van die ongelowige jeug;
- owerspel en egskeiding wat baie meer dikwels plaasvind as vroeër;
- al hoe meer lidmate wat versuim om aandienste by te woon;
- predikante wat onseker geraak het oor die gemeenskaplike belydenis van die kerke;
- predikante wat hulleself tot die Charismatiese Beweging aangetrokke voel en klem lê op die uitsonderlike gawes van die Gees soos die spreek in tongetale en handoplegging;
- ‘n studentepredikant en ‘n teologiese student wat saamgewerk het aan die oprig van ‘n interkerklike jeugkerk “God Fashion”, wat nie ‘n kerkraad het nie, en waar ook nie-gereformeerde leraars kan voorgaan;

³ Ernstige spanning in “De Gereformeerde Kerken in Nederland (Vrijgemaakt)”. 9 September 2003, p 10-12.

⁴ Serious Tension in the Reformed Churches (Liberated) in the Netherlands. 21 November 2003, p 557-559.

- kerkrade wat gemeenskaplike afsprake met betrekking tot die liturgie laat vaar en allerhande eksperimente in die erediens toelaat;
- kerke wat evangelisasie-aksies loods saam met kerkgenootskappe wat hoegenaamd nie gereformeerd is nie.

Kruispad?

Die vraag waarmee dr Bijzet worstel, is: wat moet hieraan gedoen word? Dit is dieselfde vraag waarmee die nuwe vrygemaaktes en die medewerkers van *Reformanda* worstel. Tog is daar 'n verskil in benadering tot dit wat gedoen moet word.

Oor die optrede van *Reformanda* skryf dr Bijzet: 'ongelukkig het die redakteure en medewerkers van hierdie tydskrif sake op 'n onnodige en selfs verkeerde wyse op die spits gedryf. Voordat die Algemene Sinode van Zuidhorn 2002 gehou sou word, het hulle 'n aantal sake aangewys waaroor die sinode volgens hulle siening afkeurende uitsprake sou moes doen. Indien dit nie sou gebeur nie, sou dit beteken dat die kerke definitief die gereformeerde spoor verlaat en valse kerke geword het! Daar is 'n brosjure uitgegee met die titel *OM TROUW TE ZIJN, de komende generale synode te Zuidhorn: kerken op een kruispunt*. Na my stellige oortuiging is in hierdie brosjure egter gefokus op sake wat *nie* baie duidelike bewyse van verval in die kerk is nie'.

Soos wat dr Bijzet hom nie met die wyse van optrede van *Reformanda* vóór Sinode Zuidhorn 2002 kon vereenselwig nie, so worstel hy steeds ná die sinode. Sinode Zuidhorn het volgens hom die besware uit die geleedere van *Reformanda* aangehoor, oorweeg en bespreek. In die meeste gevalle kon die sinode nie die gevraagde uitsprake doen nie. Dit het gelei tot die *Oproep tot reformatie* deur sekere lede van die vereniging *Reformanda*. Hieraan is meer breedvoerig in die eerste artikel (*Waarheid en Dwaling*, Mei 2004) aandag gegee.

Ligvaardige veroordelings

Dr Bijzet toon aan dat daar op die *Oproep tot reformatie* baie (dikwels

verontwaardigde) reaksies gekom het; ook – en dit is opmerklik – van predikante wat op heelwat punte die kommer van die tydskrif *Reformanda* deel. Die gemeenskaplike verontwaardiging is veral gemik teen die onwelwillende interpretasies en ligvaardige veroordeling wat oor die uitsprake van Sinode Zuidhorn gegee word.

Dr Bijzet: 'Daar word eers karikature geteken van wat die sinode uitgespreek het, en vervolgens word geroep dat die kerke die gereformeerde spoor geheel en al verlaat het'. As voorbeelde noem hy die besluite oor die sonagsrus en egskeding, wat na sy mening heeltemal verkeerd deur die beswaardes aangehaal en verstaan word.

Studiedeputaatskappe is deur die sinode aangewys om beide hierdie sake verder te ondersoek. 'Intussen skeep die verontruste broeders en susters die indruk dat die sinode al klaar deur middel van die rapport 'n ongeoorloofde Skrifuitleg in die kerke ingevoer het'.

Oor die klag van leerdwaling teen dr De Bruine spreek dr Bijzet hom eweneens sterk uit. Hy noem dat die kuratorium van die Teologiese Universiteit Kampen 'meer as een keer die publikasies van dr De Bruijne deeglik ondersoek het en tot die slotsom gekom het dat hierdie dosent weliswaar deur party formuleringe vrae opgeroep het, maar beslis nie verwyt kan word dat hy Skrifkritiek beoefen nie'.

Regdeur die eeue

'Ons behoort bewus te wees daarvan dat daar regdeur die eeue kommerwekkende verskynsels in Christus se kerk voorgekom het. Die Gereformeerde Kerke in Nederland, wat hulle in 1944/45 vrygemaak het van dwalings, het in daardie jare, en veral na die kerkstryd rondom 1967, 'n periode geken waarin daar in hoë mate 'n eenheid en eensgesindheid onder die lidmate en predikante was ... Maar wanneer 'n mens hierdie betreklike kort periode vergelyk met die hele kerkgeskiedenis, was die rus en eensgesindheid eerder 'n uitsondering as 'n reël. Daar was in die kerk altyd stryd en struweling. En so sal dit aanhou totdat ons Here Jesus Christus na die aarde terugkeer en sy bruid van al haar sondes verlos.

Daarmee praat ek die kommerwekkende verskynsels beslis nie goed nie! Die kerk het ook 'n roeping om daarteen te stry. Inderdaad: *Ecclesia Reformata Semper Reformanda*. 'n Gereformeerde kerk moet haarself inderdaad aanhoudend reformeer.

Ons moet egter nie al te vinnig 'n kerk as valse kerk bestempel nie. Die konklusie van *Reformanda* dat die kerke in Nederland "over de hele breedte"(!) weier om te verwerp "alles" (!) wat in stryd is met het zuivere Woord van God", doen geheel en al onreg aan die werklikheid. Teenoor party kommerwekkende ontwikkelinge kan daar ook talle verblydende sake oor die kerke in Nederland genoem word'.

Suid-Afrika

Dr Bijzet sluit sy artikel af met dit wat die lidmate in Suid-Afrika ten aansien van die gebeure in Nederland behoort te doen.

- 'Die eerste: moenie ligvaardig oordeel nie. Moenie jou net deur een tydskrif laat voorlig nie, maar probeer om soveel as moontlik inligting te kry.
- Die tweede is: ken jouself as 'n sondige mens. Weet dat jy ook sommer kan dwaal en sake in die kerk indra waarvan jy oortuig is dat jy die Here daarmee dien, maar wat dit inderwaarheid nie doen nie. Dit maak jou toegewend in jou beoordeling van jou broers en susters.
- Die derde is: bid baie vir jou eie kerke en vir die buitelandse susterkerke. Bid dat die Here deur sy Heilige Gees betyds die oë sal oopmaak vir dwalings en vir slaplê, maar eweseer vir ligvaardige veroordelings en verkeerde ywer.'

Raakvlakke SA-NL

Die ooreenkomste tussen die sake waaroor die kerkstryd in Nederland gevoer word, en die sake waaroor daar in die GKSA beroering bestaan, is ooglopend. 'n Vergelykende tabel spel die ooreenkomste uit:

Nederland (nuwe vrygemaaktes)	Suid-Afrika
<p>Ongehoorsaamheid aan God se gebooië word al meer en meer openlik toegelaat. Dit het sekularisasie op allerlei gebiede tot gevolg. Die praktiese inkleding van die Sondagsrus is veral in die spervuur. Lidmate bring die Sondag op 'n eiewillige manier deur, in stede daarvan om op die dag van die Here te rus en sy groot daad te gedenk.</p>	<p>Oor die 'teorie en praktyk' van Sondagsrus het Nasionale Sinode 2003 'n studierapport met dank aanvaar⁵. In 'n mediaverklaring oor die rapport gee dr FRP de Bruyn egter 'n perspektief weer wat op heelwat meer as eiewillige viering van die Sondag dui⁶. Daarvolgens moet 'bedieningspakkette' uitgewerk word om elke dag van die week as 'dag van die Here' deur te bring. Sondag word nie meer as geheiligde dag van enige ander weeksdag onderskei nie.</p>
<p>Die heiligheid van die huwelik staan onder groot druk. Die getal egskedings in die kerke neem toe. Verskeie kerkgrade bedien nie meer die tug in geval van egskeding nie. Dit geld ook vir die sluit van tweede huwelike na 'n ongeoorloofde egskeding.</p>	<p>Dit is 'n tragiese gegewe dat Suid-Afrika een van die lande in die wêreld is waar die meeste egskedings voorkom. Die kerke ontkom nie daaraan nie. Behalwe gebrekkige tughantering in geval van egskedings, word daar ook al meer en meer toegewings gevra ten opsigte van saamwoon as alternatief vir die huwelik.</p>
<p>Die belydenis aangaande die kerk word deur sekularisasie aangetas. Lidmate se eie geestelike, religieuse behoeftes en gevoelens weeg swaarder as die roeping waarmee Jesus Christus tot sy bruid kom. Gebrek aan kerkbesef kom uit in geringskatting, selfs ontkenning van die Here se werk in die reformasie van die kerke deur alle eeue. Daar word 'n streep deur die kerkgeskiedenis getrek.</p>	<p>In menige geval word 'n nuwe kerklike praktyk (byvoorbeeld die invoer van die kelkies by nagmaal) eers in die gemeente getoets alvorens dit as besluit aanvaar word. Nie meer: op grond van Skrif en belydenis (met inagneming van standpunte wat die kerke in die verlede ingeneem het) besluit die kerkraad dat ... nie. Maar: die gemeente moet haar gevoel oor die saak gee, sodat dienoreenkomstig besluit kan word.</p>
<p>Die eenheid van die lewe word aangetas. Waar die kerke van die vrymaking (1944) baie moeite gedoen het om gereformeerde organisasies op talle lewensterreine daar te stel (onder andere die Gereformeerde Politieke Verbond en Gereformeerde Maatskaplike Verbond), word daar tans vanaf hierdie ideaal wegbeweeg. Daar is 'n soeke na interkerklike samewerking, wat tot verswakking van die uitleef van die gereformeerde beginsel lei. Deurgaande reformasie ontbreek.</p>	<p>Die GKSA het nooit die rykdom van gereformeerde organisasies geken soos wat die GKNV dit geken het nie. Die georganiseerde verenigingslewe wat wel daar was, en vrug gedra het, het reeds etlike jare gelede van die toneel verdwyn⁷. Die strewe na interkerklike samewerking neem toe. 'n Tussenkerklike Raad (TKR) is op 25 Februarie 2004 gestig. Die TKR streef na hegte kerkregtelik verantwoorde eenheid tussen die NG Kerk, NH Kerk en die GKSA⁸. Grootskaalse deformasie in die NG Kerk (goedkeuring van kindernagmaal, oop gesprek oor homoseksualiteit, invoer van nuwe spiritualiteit), hang soos 'n wolk oor die TKR. Gaan dit tot versterking van die uitleef van die gereformeerde beginsels en deurgaande reformasie lei?</p>
<p>Die vele liedere uit die <i>Liedboek voor de kerken</i> is geruisloos aanvaar. In stede van God se eer wat - ook in die kerklied - sentraal staan, draai die kerklied tans om die persoonlike denke en gevoelens van die gelowiges. Bowendien word woorde met 'n dubbele betekenis, waarin dwaalleer verpak is, aanvaar. In berymings van bepaalde Skrifgedeeltes word aan God se Woord tekort gedoen deurdat antitese, verbondseis en verbondswraak weggesny word. Die Psalms as Liedboek van die verbond kom onder die groot getal gesange al meer in die verdrukking.</p>	<p>Die invoer van die nuwe Psalmomdigting vind nie geruisloos plaas nie. Tog is daar baie lidmate wat geen idee het waaroor die debat rondom die berymings en omdigtings werklik gaan nie. Die effek van die besluit van Sinode 2003 oor die dogmatiese lied⁹ is ook nog nie deurdink nie. In 1859 is die Gereformeerde Kerke teruggeplaas op die beginsel van Dordrecht 1618/19: sing in die erediens wat God direk in sy Woord vir ons gee om vir Hom te sing. Tans word 'n ondersoek gedoen na Skrif- en Belydenisgetroue liedere ('n ander woord vir gesange?).</p>
<p>Die liturgie ondergaan sterk veranderinge. Daar is 'n sug na eie beleving van die kreatiewe mens. Ongebondenheid op hierdie gebied neem plek-plek die oorhand. Daarbenewens is die ordinarium-liturgie aanvaar.</p>	<p>Eksperimentering met die liturgie vind op verskeie plekke plaas. Die beleving van jongmense, aanwending van moderne tegnologie, asook 'gebruikersvriendelike eredienste' vir buite-kerklikes word as vertrekpunt geneem.</p>
<p>Prediking wat 'n nuwe pad opgaan. Onder die motto 'die hoorder moet meer in die prentjie kom' dreig die hoorder om self steeds meer die sentrum van die prediking te word. Die skriftuurlike karakterisering van die prediking as bediening van die versoening word openlik in twyfel getrek.</p>	<p>Prediking moet kort, maklik verstaanbaar, op die moderne mens gerig wees. Moeilike woorde en begrippe soos geregtigheid en goedertierenheid moet vermy word (nie verduidelik word nie). Na 'n erediens moet 'n mens vir jouself in een sin kan sê: wat moet ek nou doen?</p>

Nederland (nuwe vrygemaaktes)	Suid-Afrika
<p>Verregaande skrifkritiese gedagtes wat by die Teologiese Universiteit van Kampen geuiter word. In die boek <i>Woord op schrift</i> word die gesag en inspirasie van die Skrif verdag gemaak. Kuratore van die Universiteit het, in stede van ernstige vermaning, die betrokke dosent selfs aangemoedig om in sy denkrigting verder te gaan.</p>	<p>Die debat oor prof JJJ van Rensburg se verstaan en verklaring van die posisie van die vrou in die kerk¹⁰ is nie afgehandel nie. Emeritus-professor MA Kruger gaan voort om sy standpunt oor die 'natuurlike kennis' van God (Romeine 1) te verkondig. Ook dié saak is hangende, niteenstaande die feit dat die kuratore van die Teologiese Skool Potchefstroom hulle teen die standpunt van prof Kruger uitgespreek het.</p>

Wat betref die onruswekkende sake waarop dr Bijzet die aandag vestig, kon dit net sowel in Suid-Afrika en vir die GKSA geskryf wees. Die wêreldlikheid wat 'n mens by heelparty kerklidmate sien; die optrede van die kerkjeug wat dikwels maar min verskil van die optrede van ongelowige jeug; al hoe meer lidmate wat versuim om aanddienste by te woon (tot so 'n mate dat aanddienste heeltemal afgestel word of met iets anders vervang word); kerkrade wat gemeenskaplike afsprake met betrekking tot die liturgie laat vaar en allerhande eie inisiatiewe aan die dag lê ('n mens wonder soms of jy nog in 'n gereformeerde erediens is) – ons ken dit alles.

Die kerklike situasies in Nederland en in Suid-Afrika verskil nie baie nie. Trouens, in lande soos Engeland, Kanada, die USA, Australië en Nieu-Zeeland sal waarskynlik dieselfde strydfronte geïdentifiseer kan word. Die vraag is: watter optrede word verwag? Hoe moet die probleem in gehoorsaamheid aan God aangespreek word?

Enkele moenies

Dit is onmoontlik om die gebeure in Nederland aan die hand van enkele artikels en op grond van 'n paar gesprekke te beoordeel. Noukeurige bestudering van sinodebesluite en aanhoor van besware daarteen sal nodig wees om enigsins tot 'n gebalanseerde oordeel te kom. Die bedoeling met hierdie artikel(s) is dan ook geensins om 'n oordeel oor die optrede van die 'nuwe vrygemaaktes' of die besluite van Sinode Zuidhorn 2002 uit te spreek nie. In hierdie opsig word 'n eerste 'moenie' verwoord: moenie eensydig en te gou in die kerklike debat tot oordele kom nie. Ver al nie emosie-belaaide veroordelings nie.

'n Tweede 'moenie' loop hiermee hand aan hand. Voordat 'n mens

tot beoordeling van 'n saak oorgaan, maak seker dat die feite korrek is. Dit gebeur al te maklik dat 'n mens half lees (of luister), woorde inlees, oor woorde heen lees, of sinne buite hulle konteks lees. In 'n kerklike debat wonder 'n mens soms: praat die persoon wat my standpunt teenstaan werklik oor my standpunt? Skeeftrekking van standpunte waarmee 'n mens nie saamstem nie (soos dr Bijzet dit noem: karikature word geteken) is sonde teen die negende gebod. Dit dien nie die saak nie, en lei geensins tot vordering nie. Inteendeel.

'n Derde 'moenie': as al die feite en argumente oorweeg en bymekaargesit is, waak teen ongenueanseerde slotsomme. Wanneer iemand in een opsig sou struikel, is dit nog nie te sê dat hy 'n ketter geword het nie. As een besluit van 'n kerklike vergadering nie korrek is nie, durf 'n mens die ander besluite (wat geldig is) nie almal onder verdenking te plaas nie.

En 'n vierde 'moenie': breek die pad vir gesprekvoering nooit op nie. Ook al is iemand vir jou soos 'n heiden en 'n tollenaar (Matteus 18:17), bly die deur vir gesprek oop. Christus het Self met heidene en tollenaars gepraat – en hulle tot bekering geroep.

Leer my, Heer

Dat die kerklike weg ordelik bewandel moet word om die talle brandpuntkwessies in die GKSA aan te spreek, lei geen twyfel nie. Menige lidmaat raak egter verbouereerd. As die ordelike weg reeds bewandel is, en nog steeds gaan die verval voort – wat dan? Wat maak 'n mens as besware op 'n tegniese punt van die tafel gevee word? Of as dit bloot met meerderheid van stemme teengestaan word – sonder dat die Skrif gespreek het?

Dit is die nood wat talle gelowiges beleef het en nog beleef. Nie net

in Suid-Afrika nie, maar wêreldwyd. Dan bly die opdrag onveranderd, alhoewel swaarder. 'n Gelowige moet aanhou getuig vir die waarheid. Die kerkraad moet hoor wat die Woord sê. As die kerkraad nie wil hoor nie, is daar 'n klassis om te help. En 'n partikuliere sinode. En 'n nasionale sinode (in 2006). En 'n kerkverband waarin daar talle kerke is wat saamstry en saam soek na gehoorsaamheid aan God se wil. Met daardie kerke moet kontak gesoek en gemaak word.

In alles moet die strydende gelowige die vrug van die Gees wys: liefde (bo alles vir God en van daaruit vir die naaste, ook vir die teenparty), blydschap (om vir die waarheid te mag opstaan), vrede (harmonie met God en almal wat God liefhet), lankmoedigheid (stadig om te breek, soek na herstel), vriendelikheid (want dit oorwin toorn), goedheid (waaronder 'n mens die wil van God nie kan doen nie), getrouheid (aan die Here en sy Woord), sagmoedigheid (let op jouself, dat jy nie ook versoek word nie), selfbeheersing (regeer koninklik oor eie denke, emosie, woorde, optrede).

En bid. Bid vir reformasie in die lewe van elke gelowige, en in die voortgang van die GKSA. Bid dat skille van die oë afgeruk mag word. Bid vir terugkeer na God. Leer ons Here, u regte weë. Wys vir ons die regte pad aan. Maar bo alles: maak ons harte daartoe geneë om met lus daarop te gaan.

5 Acta Nasionale Sinode GKSA 2003, p 474-492.

6 Die verhouding tussen Sondag en Sabbat. Die Kerkblad, 29 Januarie 2003, p 16 en 26.

7 Die VGL op die weegskaal. Waarheid en Dwaling, Januarie 2004, p. 7-10.

8 Elektroniese skrywe van ds PW Kurpershoek, Deputate Ekumeniese Sake, 20 Februarie 2004.

9 Acta Nasionale Sinode 2003, p 645-646.

10 Sien onder andere Die Bybel in Praktyk, 1 Timoteus 2, p 1881-1882.

JOHN KNOX EN DIE BEELDESTORM VAN PERTH, 1559

'n Priester begin om die Roomse mis te bedien. 'n Opstandige seun maak hardop beswaar. Die priester stap na die seun en gee hom 'n klap. Die seun kry 'n stuk baksteen in die hande en gooi dit na die priester se kop. Die priester koes en die baksteen tref 'n pragtige Maria-beeld. Hierdie beeld kantel en val in stukke op die vloer. Die groot beeldestorm van Perth bars in Mei 1559 los! Die gewone volksmassa se emosie teen die Roomse kerk het breekpunt bereik. Dit was in die gebou van die 'heilige' Johannes die Doper, die St John's Church wat vandag nog in al sy glorie naby die Tayrivier staan.

'n Vandalistiese optog

Niks kon die gewone volksmassa meer stuit nie. Alles word stukkend geslaan. Al die beelde van 'heiliges' en die beeld van Jesus aan die kruis word op die vloer gegooi. Die kleurvolle glasvensters met Bybelse figure word uitgeslaan. Kerse word teen die mure geslinger. Die Roomse altaar, plek van die afgodiese mis, word uitmekaar gekap.

Daarna, toe hulle klaar hulle verwoestingswerk in die St Johannes Kirk (die Skotse woord vir kerk) gedoen het, word die twee Roomse kloosters 'Grey and Black Friars' en 'Charter House' bestorm. Ook hier word al die beelde en skilderye van 'heiliges' vernietig. Binne 'n dag was die inhoud van al hierdie Roomse geboue puinhope. Die kerke en kapelle in Perth het 'n skouspel geword!

Die Roomse kerk het dadelik uitgeroep: 'Hy, John Knox, het dit alles gedoen!' Die regentes koninginmoeder Maria Lorraine (haar dogter, Maria, het toe nog nie die troon bestyg nie) sê: 'Vang hom! Hy het die volk opgesweep; hy moet dadelik gekeer word!'

Geweld het altyd 'n teelaarde. Knox se prediking het hoogstens 'n teelaarde vir reformasie in die kerk

geskep. Nooit het hy geweld gepreek nie. Oor die emosie van die beeldebstormers het hy geen kontrole gehad nie en dit ook glad nie goedgekeur nie. Die godsdienstige klimaat wat die Roomse kerk vir dekades lank geskep het (brandstapels en tronke vir die protestante), het om 'n daadwerklike verandering geroep. Dit het op 'n kerklike leier gewag en so 'n leier was die prediker John Knox.

Die kerklike toestand van Skotland vóór die Reformasie in 1560

Ons moet onthou dat teen 1560, toe Skotland nog 'n Roomse land was, die Reformasie in ander lande soos Engeland, Duitsland, Switserland, Frankryk en ander Europese lande lank vantevore reeds deurgebreek het. Skotland het agtergebly en daarom het die pous juis dáár in alle felheid sy mag gebruik. Skotland met sy klein bevolking van ongeveer 'n half-miljoen, moes tussen twee groot politieke magte - Engeland en Frankryk - probeer oorleef. Frankryk het selfs troepe gestuur om met geweld die Roomse kerk te handhaaf. In 1547 het hulle van die protestante in St Andrews galeislawe gemaak.

Hoe dit ookal sy, in Mei 1559 het die hervormer John Knox, na 'n aantal jare saam met Calvyn in Genève, in die hawestad Leith digby Edinburg geland. Eintlik was hy nog 'voëlvry' nadat die Skotse owerheid hom 'n paar jaar tevore gevonnissen het. Hy het eenvoudig onverskrokke voet aan wal gesit. Soos hyself gesê het: 'in the brunt of the battle'. Op politieke en godsdienstige gebied was die hele Skotland 'n smeulende vuur wat enige oomblik in ligte laaie kon uitbreek en soos 'n veldbrand kon versprei.

'The thundering Scot'

Die nuus van Knox se aankoms in Skotland in 1559 het soos 'n skokgolf

deur die land gegaan. 'n Vergadering van Roomse biskoppe en priesters in die Greyfriars-kerk in Edinburg het in paniek verdaag. Hulle was 'panic-struck', sê een van die beste geskiedskrywers. Spoedig is die nuus aan die koninginmoeder meegedeel en dadelik is John Knox vir die tweede keer as 'n 'out-law' (balling) verklaar. Die swaard van die dood het oor sy hoof gehang. Hy het egter nie gras onder sy voete laat groei nie en na die ooste van Skotland vertrek - die gebied van sy eerste prediking, twaalf jaar vantevore.

In Perth het die protestante feitlik die stad oorgeneem en op Sondag, 31 Mei 1559, bestyg hy die preekstoel van die St John's kerk. 'n Skare het saamgestroom. Vir die eerste keer na dekades was die kerk weer vol. Die 'thundering Scot', so het die mense van Knox gepraat, gaan preek!

Wat 'n belewenis was dit om John Knox te hoor preek. Van al die hervormers was hy seker in sy optrede die mees dinamiese. Sy voordrag was vurig en so oortuigend dat sy hoorders gewoonlik vasgenael op hulle sitplekke bly sit het. Andrew Melville, die latere kerkleier beskryf Knox se pakkende voordrag. Dis op hierdie man wat die mense van Perth gewag het. Hy het die Roomse beelddiens en die afgodery van die mis in die lig van God se Woord ontmasker.

Ná die diens het die groot moeilikheid begin. Knox het alreeds vertrek, maar 'n groep van die kerkgangers het nog in die kerk rondgedrentel. Sy beste biograaf, Thomas McCrie sê: 'A few idle persons only loitered in the church'. Skielik, uit die bloute, daag 'n 'Greyfriars'-priester met sy kerklike toga en 'n gevolg van ampsdraers op met allerhande liturgiese gereedskap, onder andere wierook en kerse. Hy pak 'n klomp kleinerige beelde op die altaar uit en begin die Roomse mis bedien. 'n Seun roep kliphard: 'Stop your idolatry!' ('Staaak jou afgodery!')

En die priester? Hy mompel 'n paar woorde (sommige sê hy het gevloek), sak op die seun toe en gee hom 'n taai klap! Hierdie seun het egter wraak gesweer. Hierop volg die gebeure aan die begin gemeld.

Hierna alleen die Woord

Genadiglik het die beeldestorm van Perth nie verder in Skotland posgevat nie. Die hervormers was nie manne

van revolusie nie. Alleen die prediking van die Woord moes die reformasie bring - alleen die 'plain Word of God' soos Knox gesê het. Dit was nie klippe wat na priesters en beelde gegooi is wat die kerke weer herstel het nie, maar die voortdurende, konstruktiewe uitlê en proklamasie van die Heilige Skrif. John Knox se reekse preke oor die boeke Daniël in St Andrews en Haggai in Edinburg het weer die

gevalle mure van Jerusalem opgebou. John Knox was bang vir geweld en het selfs vir sy lewe gevlug, maar op die preekstoel was hy onbevrees om die evangelie aan alle mense te verkondig. Ja, vir sy prediking het selfs konings gesidded. Die regent Morton het in 1572, toe hy as koning waargeneem het, tydens Knox se begrafnis met sy vinger na die oop graf gewys en gesê: 'There lies he who never feared the face of man'.

AKTUEEL

Ds HJ Momberg, Die Kandelelaar

Post-eleksie stres?

Baie vroeë word oor die politiek van die dag gevra. Daar is verskillende politieke stelsels wat almal aan allerhande maatstawwe van die rede vir toetsing onderwerp word. Aan die burgers moet lewensruimte gegee word. Hulle moet beskerm en in toom gehou word. In 'n demokratiese stelsel is dit ook belangrik dat hulle tevrede gehou moet word. 'n Regering wat ten alle koste na al die mense se wense wil handel, verval uiteindelik in totale anargie. 'n Regering, aan die ander kant, wat alleen sy eie wil deurvoer, verval maklik in 'n diktatuur. Soos dit tans in Suid-Afrika gaan, word die pluriforme bevolking as burgers opgeroep om te stem. Die verskeidenheid van politieke partye is groot. Die party wat in die oë van die grootste deel van die bevolking die beste bewys gelewer het van sy diensbaarheid aan die land en sy mense, wen die verkiesing en kry geleentheid om die regering saam te stel. Daarna regeer die nuut-saamgestelde regering met behulp van uitgebreide wetgewing wat op die grondwet moet berus. Wanneer gemeen word dat die regering deur sy wetgewing of wetstoepassing in stryd met die grondwet handel, kan die optrede in 'n onafhanklike regbank getoets en na bevind van sake gehandel word.

In hierdie sin ressorteer die hele landspolitiek binne die denkkader van die Griekse begrip *oikos nomos* (ekonomie) - dit behels die bestuur van die huishouding. Juis hierdie bestuur van die huis is 'n saak wat ons uit Gereformeerde perspektief verstaan as 'n daad wat God deur sy alomteenwoordige krag en

voorsienigheid uitvoer. Hy doen dit in en deur al die prosesse en interaksie van die politiek, om uiteindelik mense in gesagsposisies te plaas wat die regeertaak moet uitvoer. Deur die instrument van daargestelde regeerders moet die mensheid begelei word om God se skepping te bewerk en te bewaak. Wanneer dit aanvaar word bestaan daar dus nie so iets soos 'n ongeldige regeerder nie. Verskeie groepe voer aan dat die huidige politieke bestel as sulks ongeldig is - mede omdat klein minderhede hulle selfbeskikking of dalk selfs hulle al-beskikking in die land verloor het. Die geskiedenis van die politiek in die wêreld bewys egter dat dit slegs in uitsonderlike gevalle en dan ook maar vir 'n baie kort periode gebeur het dat klein minderhede binne 'n bepaalde magsgebied almal hulle sin kon kry. Op die verwyte teen 'n ongeldige bestel sou dus aangevoer kan word dat prakties alle bestelle daarom ongeldig sou wees. Ongeldige regeerdade kom egter wel dikwels voor. Oor die regeerdade bely ons in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 36 sekere dinge in verband met die taak van die owerheid en daarmee saam bepaalde dinge in verband met burgerskap. Die owerhede moet in erkentlikheid aan God volgens sy wet regeer. Burgers moet in erkentlikheid aan God die owerheid wat Hy ons gegee het, gehoorsaam, behalwe as die owerheid eise stel wat teen die wil van God ingaan (Handelinge 5:29).

Dit is treffend dat die kerkvolk in die Ou Testamentiese bedeling verskeie kere onder vreemde regering gekom het. Elke keer was die vreemde regering 'n aanduiding van die swaar

hand van God se vyande wat sy Koningskap teengaan. Teengaan is ook die vertaalde betekenis van die Duiwel se naam. Hy is die Teëstander van God. Dit het dikwels gebeur dat God sy kerkvolk aan die heerskappy van Godvervreemde heersers oorgegee het. Onder Farao in Egipte was dit tekenend hoe die in sonde gevalle mensheid aan allerhande ellende en aan die dood onderworpe is en daaruit nie verlos kan word tensy die HERE self verlossend en wederbarend ingryp nie. Die HERE het hulle onder leiding van Moses met groot tekens en wonders uit Egipte bevry.

Binne hulle eie erfland het dit dikwels gebeur dat vreemdes en heidene oor die kerkvolk regeer het. Die vernaamste volkere was die Filistyne en die Arameërs. Die HERE het hierdie volkere gebruik om die kerk weens haar verbondsbreuk te tucgig. Ook baie van hulle eie konings het in goddeloosheid verval en "gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE". Die kerkvolk het dan, weens die wanbestuur en korrupsie van hulle koning, self ook in bandeloosheid en goddeloosheid verval en swaar gely. Dink byvoorbeeld aan die swaar lyding wat in die dae van Agab en sy Baälaanbidder-vrou, Isebel, oor die volk gekom het. Versengende droogte. Die ergste en swaarste was toe die tienstammeryk en later ook Juda en Benjamin deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer is. Jerusalem asook die tempel is verwoes. Hierdie dinge gaan nie buite die HERE se beheer om nie. Inteendeel, Hy is volmaak in beheer. Hy is ook in beheer van die heidene se gedagtes. Hy kan vyandelike konings

se gedagtes stuur en lei om, teen hulle eie wil in, sy kerk te seën (vergelyk Balak en Bileam), te straf (Nebukadnesar) en weer te herstel (Kores). Dit is treffend hoe die engel Gabriël aan Daniël verduidelik dat God inderwaarheid die koning se gedagtes deur die geveg van engele en dienende geeste beheers (Daniël 10). Koning Dawid het soortgelyke dinge in Psalm 139 bely. God ken die koning se gedagtes en oorlegginge! Ook die vroeë Nuwe Testamentsiese kerk het onder 'n antichristelike burgerlike owerheid tot stand gekom en verbrei. Die HERE sit egter sy kerkvergaderende werk met krag voort ondanks die weerkrigte van owerhede.

Ons staan nou in die nadraai van 'n afgelope nasionale verkiesing. Die vuilspel en karaktermoord wat dit voorafgegaan en agterna ontlok het, verbyster ons. Die gebrek aan respek vir individuele waardes en die gestadige sielkundige druk om van die een veelvormige nasie ook een volk te maak laat die kop skud. Die snaakse kruispel wat politici vir vuil gewin by godsdienstige byeenkomste

gespeel het, amuseer ons. Die waaghalsige wyse waarop hulle die bande van God se heerskappy breek en beraadslaag om Hom na die kroon te steek, bedroef ons. Dit herinner ons aan Psalm 2 en laat ons uitroep:

*Kom dien die HEER en wees in Hom verblyd
met blydschap wat Hom huldig as die HEER,
en kus die Seun in onderworpenheid,
Buig jul voor Hom met vrees en bewing neer
Want lig'lik kan Gods gramskap jul verteer
net soos 'n vuur eers alte klein geag.
Welsalig wie Hom huldig as hul Heer
Wie by Hom skuil en op sy bystand wag.*

Die belangrike vraag wat na die afloop van die hele verkiesingsproses bly staan, is: Wie regeer nou eintlik? Die Bybel leer ons dat ons en ook alle mense in God se hande is en dat ons buite Hom niks kan doen nie. Ook hierdie laaste verkiesingsuitslag het vir sy kwota blydschap en teleurstelling gesorg. Sommige partye het sedertdien meer werk, ander minder

werk, nog ander – geen werk nie. Op horisontale vlak kan interessante ontledings en verklarings gegee word oor die partye se beleid, standhoudende bydrae in die verlede en die kiesers se idee. Die resultaat kan eiewaan, nederige dankbaarheid, betroubare diensbaarheid wees, of selfverwyt, betwisting van die uitslae en blaam op die kiesers. Na alles kom dit hierop neer:

'... ek het die Allerhoogste geloof en Hom wat ewig lewe, geprys en geëer, wie se heerskappy 'n ewige mag en wie se koningskap van geslag tot geslag is.

En al die aardbewoners word as niks geag nie, en na sy wil handel Hy met die leër van die hemel en die bewoners van die aarde, en daar is niemand wat sy hand kan afslaan en vir Hom kan sê: Wat doen U nie?

Nou prys ek, ... , en ek roem en eer die Koning van die hemel: al sy werke is waarheid en sy paaie is reg' (Daniël 4:34, 35, 37).

'n Uitsonderlike belydenis wat die HERE uit die selfvoldane Nebukadnesar gedwing het!

MEDIES

Prof JM Boon, Pretoria

Die taal van die genoom

Onlangs is die menslike genoom volledig beskryf¹. Dit beteken dat elke geen op al die chromosome van die mens nou bekend is en elk 'n naam het. Die menslike genoom is die molekuler-biologiese bloudruk van die mens.

Is hierdie beskrywing 'n bedreiging vir die christelike wêreldbeskouing? Geensins. Trouens dit beskryf in nog meer woorde hoe gedetailleerd die Here die mens gemaak het. Die menslike genoom word in vier letters geskryf: A, C, T en G. Dit staan vir vier aminosure wat al die proteïene maak wat uiteindelik ons biologiese vorm. A staan vir adenien, c vir cytosine (sitosien), T vir tiamien en G vir guanien. Die rangskikking van hierdie letters in die genoom is verantwoordelik vir oogkleur, haarkleur en 'n reeks ander fisiese kenmerke. Dit is selfs verantwoordelik vir die feit of iemand sy hare sal verloor en bles sal word.

'Spelfoute' van die genoom, as ons dit so kan uitdruk, is verantwoordelik vir ongeveer 4 000 geneties verwante siektes. Verder was wetenskaplikes verbaas dat die menslike genoom slegs uit 30 000 - 50 000 gene bestaan, heelwat minder as wat aanvanklik veronderstel is. Die vrugtevlug besit 13 000 tot 14 000 gene. Die verwagting was dat die genoom van die mens ten minste tien maal soveel sou wees, weens die ooglopende groot verskille tussen die mens en die vrugtevlug. Maar dit is nie so nie. Die menslike genoom is slegs 'n bietjie meer as twee keer dié van die vrugtevlug. Die taal van die genoom is dus meer kompak, amper soos wat genuanseerde inligting vervat kan word in minder sinne. Dit hoef ons nie te verbaas nie. God verpak meer komplekse inligting meer kompak – wonderlik!

Die feit dat ons biologie in 'n leesbare taal geskryf is, getuig nog meer van

God wat geskep het. Die feit dat God alle lewe van 'n relatief eenvormige bloudruk gemaak het, verbaas ons ook nie. Dit is dan nie vreemd dat die mens se genoom baie ooreenstemming met ander skepsels vertoon nie. Onlangse navorsing toon dat die sjimpansee 98.8% van ons gene deel, muise ongeveer 85-90% en piesangs ongeveer 50%. God het immers die mens uit die stof van die aarde gemaak.

Klein en subtiele verskille in die taal van ons genoom het diepgaande verskille in mens en dier en plant tot gevolg. Die evolutionisme moet inderdaad nie sy sterk Darwiniaanse bril verloor om vol te hou dat evolusie van een na die ander spesie plaasvind nie. Die Darwiniaanse lense is steeds in omloop in die moderne biologie. Hoe meer ons van die DNA en menslike genoom verstaan,

¹ B Mitchell. Ethics and Medicine 2001; 17:67-68

hoe moeiliker word dit vir evolusioniste om te verduidelik wat hulle sien. 'n Voorbeeld daarvan is Francis Crick, een van die ontdekkers van die dubbel heliks vorm van die DNA molekule. Hy het baanbrekerswerk gedoen om uiteindelik die menslike genoom te ontrafel. Crick, wat saam met Watson

die ontdekking in Cambridge gemaak het, sê onder andere: 'Biologists must constantly keep in mind that what they see is not designed, but rather evolved' (Crick, *What Mad Pursuit*, 1988, p 136). Dit is asof die herinnering aan die eie dogma hulle moet oortuig dat die bewysstukke van 'n Skepper-

argitek 'n lugspeëling in wetenskaplike verduideliking is.

Ons weet en sien objektief dat God die Skepper sy voetspore oral in die biologie gelaat het, en dat die God wat in sy ontsettende wysheid spreek 'n taal gepraat het wat ons almal in die lewe groep het.

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

Hemelvaart en Christus-regering

God is dood. God is afwesig. God onttrek Hom aan die skepping. God is nie in beheer nie. God voer stryd om beheer te bekom. God diskrimineer.

Dit is enkele van die stroom van opmerkings wat oor God gemaak is en word. Te midde van dié stroom van absolute onsin en skreiende heiligs kennis is dit verfrissend om die artikel getiteld 'Hemelvaart en sending' van prof Koos van Rooy in *Die Kerkblad* van Mei 2004 te lees.

Christus die Koning

In die artikel begin prof van Rooy om die Koningskap van Jesus Christus na sy hemelvaart te beskryf.

Die hemelvaart van Jesus was sy troonsbestyging. Toe Hy na die hemel opgevaar het, het Hy aan die regterhand van sy Vader gaan sit, en saam met die Vader regeer Hy nou reeds oor die heelal. Hierdie troonsbestyging van die Verlosser was 'n tema waarop die apostels gedurig in hulle prediking teruggekom het. Petrus sluit daarmee af in sy preek op die Pinksterdag in Jerusalem, en die skrywer van die brief aan die Hebreërs begin sy prediking daarmee: "Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die majesteit in die hoë hemel" (Hebreërs 1:3).

In 'n wêreld van toenemende goddeloosheid en mensverheerliking kan gelowiges mekaar nie genoeg op die Christus-regering in kerk en koninkryk wys nie. Aan die positiewe belydenis dat Christus leef en regeer tot in alle ewigheid, moet ons mekaar as gelowiges bind.

Christus die Sender

Prof van Rooy vervolg sy artikel deur te wys op die verband tussen hemelvaart en die kerk se sendingopdrag.

Sending vloei voort uit die koningskap van Christus en kulmineer in die verkondiging daarvan. As God die Skepper van hemel en aarde is, is Hy die enigste ware God en moet almal sy heerskappy erken. Dit is die sendingboodskap van die Ou Testament. Die oproep om die Here as Koning te eer, gaan by niemand verby nie: "God die Heer regeer ... Aarde en al wat lewe, laat dit voor Hom bewe!" (Psalm 99).

Net so noodwendig vloei die sendingboodskap van die Nuwe Testament voort uit die koningskap van Jesus. Al wat leef moet voor Hom buig. God het Hom tot die hoogste eer verhef, skryf Paulus, "en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig ..." (Filippense 2:9-10).

Hy het dit as laaste opdrag aan sy dissipels, en daarmee aan sy kerk op aarde gegee: "Alle volmag is aan My gegee. Gaan maak dan dissipels van al die nasies" (Matteus 28:19).

Sending is geen keuse nie. Sending is 'n moet. Die kerk moet met die kosbare evangelie verder werk. Die evangelie moet die uithoeke van die wêreld bereik. Dan is dit nie so dat die uithoeke noodwendig daar ver is nie. In Suid-Afrika is daar nog 'n menigte mense wat in die duister van ongelooft vassit – niteenstaande statistieke wat van 70% christene praat.

Christus die Regeerder

Prof van Rooy wys uit hoe Christus se koninklike regering in die uitleef van die sendingopdrag na vore kom.

Sending is eenvoudig 'n saak van lojaal wees aan ons Koning. Indien Jesus nie Koning was nie, en sy Vader nie die enigste Skepper van hemel en aarde nie, en Hy ook nie sy Heilige Gees op ons uitgestort het om ons vir die sendingtaak toe te rus nie, en ons geloof bloot 'n saak van persoonlike opinie was, sonder enige vaste grond in God se ewige openbaring, dan was sending inderdaad die liefhebberij van 'n paar entoesiaste in die gemeente wat hulle daarvoor beywer om hulle standpunt oor "godsdienste" te propageer. Dan was daar geen dwang deur God op hulle gelê om met die evangelie uit te gaan nie. Dan was hulle nie met verkondiging besig nie, maar met propaganda van 'n standpunt. Dan het ander mense met ander standpunte net so 'n goeie reg gehad om hulle eie standpunt daarteen te stel.

Maar wat ons glo, is nie 'n blote standpunt van mense waaroor diskussie moontlik is nie. Dis die verkondiging van God se boodskap wat ewig vas staan: Christus is Koning en Here! Hy regeer op sy hemeltrone, en Hy roep jou op om voor Hom te buig.

Christus die Here

Dit is onmoontlik dat in die kerk die verkondiging en beleving van Jesus se koningskap op die agtergrond verdwyn en net oor Hom as Verlosser gedink word. Dat Hy Verlosser is, is waar. Hy is die enigste Verlosser. Hy

is ook die volkome Verlosser. Wie dit nie aanvaar nie, is nie meer 'n Christengelowige nie.

Maar dit is nie die volle evangelie nie. Die evangelie eindig nie by die kruis van Golgota en die oop graf nie, maar omvat ook die hemelvaart van Christus. Die volle evangelie aanvaar Christus as sy priesterlike Verlosser, maar ook as sy koninklike Here. Om Christus net as Verlosser te aanvaar, en nie voor Hom te buig as Koning nie, is nie die ware geloof nie. Dit beteken dat ek net 'n halwe Jesus aanvaar, 'n Jesus wat nie Here is nie. Maar so 'n Jesus bestaan nie. Ek kan nie Jesus aanvaar en die Here die deur van my lewe wys nie. Hy is óf my Here Jesus, óf Hy is vir my niks.

In aansluiting hierby moet 'n mens mooi dink oor die wettigheid van die vraag: 'As iets nie my ewige saligheid raak nie, is dit dan nodig om die kop daaroor te breek?'. Hierdie vraag het in die huidige kerklike debat al amper standaard geword. Of ons uit 'n beker drink of uit 'n kelkie – watter

verskil maak dit aan ons verlossing en saligheid? Of 'n vrou wel of nie in die amp dien – dit beïnvloed mos nie my ewige bestemming nie? Of 'n mens die Cloete-omdigting sing al dan nie – dit bring my tog nie in die hemel, en hou my ook nie daaruit nie? Die klem val alleen op 'my verlossing'. Daar is geen sprake van 'my gehoorsaamheid aan Christus die Here' nie.

Prof van Rooy sê tereg: *Daarom sal 'n kerk wat al sy aandag op Jesus die Verlosser toespits, en vergeet dat Jesus ook die Here is, uiteindelik ook Jesus die Verlosser verloor.*

Hoe gebeur dit? Dit gebeur wanneer daar gedurig net gepreek en gepraat word oor my geloof met die oog op die saligheid van "my siel", en ek so daarmee behep is dat ek vergeet dat geloof nooit sonder bekering bestaan nie. Dan is Jesus net my Verlosser, en dit gaan alles net om my eie belang, naamlik dat ek eendag die ewige heerlijkheid wil beërwe, sonder dat ek daaraan dink dat ek nou, hier waar ek nou lewe, vir Hom moet lewe wat vir my gesterwe het en opgestaan het (2 Korintiërs 5:15). In so 'n gemeente, en by so 'n mens, ontaard die geloof tot 'n assuransiepolis vir die hemel, en dan ook maar net een waarvoor ek die laagste beskikbare premie betaal. Dis 'n evangelie en 'n geloof wat ons Verlosser en Koning onwaardig is.

Dit sal noodwendig tot die ondergang van so 'n kerk lei. Christus is nie maar net 'n handige uitweg om aan die hel te ontkom nie, Hy is ons Verlosser én ons Koning.

Christus se onderdane

Prof van Rooy sluit sy artikel soos volg af:

As 'n gemeente sy Koning ken, wat op sy hemeltroon sit en die heelal regeer, dan sal daardie gemeente ook lojale onderdane van die Koning wil wees. Ons dank alles wat ons is en het, aan Hom. Ons dankbaarheid teenoor Hom vir sy verlossing dring ons daartoe om met die evangelie uit te gaan.

Ons lojaliteit as onderdane van ons Koning, burgers van sy koninkryk, laat ons nie toe om hierdie opdrag te ignoreer nie. Ons kan daar nooit mee vrede hê solank daar nog een knie op aarde is wat nie voor Hom gebuig het en een tong is wat nog nie bely het dat Jesus Christus die Here is tot heerlijkheid van God die Vader nie. Sending is niks anders nie as 'n saak van lojaliteit teenoor ons Here, ons Koning.

Daarom is Hemelvaart altyd 'n sendingfees.

Hierby kan 'n slotopmerking toegevoeg word. Sendingfees is een fees wat sowel binne die kerkmure as op die sendingveld gevier word. Die Christus-heerskappy wat op die sendingveld verkondig word, moet in die kerk beleef word. Wat dit betref is dit soms tot beskaming om te sien dat hulle wat pas tot bekering gekom het, veel meer heilige ontsag vir God in Christus en sy Woord het, as diegene wat in die veilige ruimte van kerk gebore en getoë is. Dit laat 'n mens dink.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Mev J de Wind
Ds GJ Meijer
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 546 4915
e-pos: gjmeijer@absamail.co.za
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Prof JM Boon
Dr ALA Buys
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za

Intekengeld:

R110 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria**

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031

Aros

Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies

bied in samewerking met Potch 'n volledige B Ed studie aan voornemende onderwysers

Die vierjarige studie in Pretoria sluit in:

- Drie gelyktydige kwalifikasies: 'n erkende B Ed-graad van Potch, 'n Aros-kwalifikasie en 'n skoolgetuigskrif van praktiese vermoëns
- Skriftuurlike fundering in alle vakke
- Addisionele lewensbeskoulike modules
- Onmiddellike praktiese indiensopleiding
- Kleinskalige onderrig en persoonlike begeleiding



In 2005 word slegs 'n beperkte aantal eerstejaars toegelaat.

Graag verskaf ons verdere inligting.

Tel 012 332 3222 of Posbus 31120, Totiusdal, 0134
of e-pos: rvdkooy@mailbox.co.za